Nabetragting van 1982 en Vooruitsigte vir 1983 [7.11.1982]

Vise-kanselier van Rhodes Universiteit Dr. Derek Henderson.

Die hoof-onderwerp vir bespreking by Rhodes Universiteit is [1] GROEI, en hoe om dit na beste te beheer. [2] 3 202 studente het vanjaar by Rhodes ingeskryf. Dit is die eerste keer dat ons die 3 000-kerf verbysteek en, behalwe vir 1946, toe groot getalle oud-soldate teruggee het van die tweede wêreldoorlog, ook die eerste keer dat ons geta met meer as 200 in een jaar styg.

Vergeleke met vanjaar, het ons alreeds tien persent meer aansoeke ontvang vir aanstaande jaar en, met geen bykomstige huisvesting beskikbaar in die universiteit of in die dorp nie, mag dit vir ons - probleem skep. Dit is, egter, een wat ons verwelkom om verskeie redes. Die groot voordeel vir 'n universiteit van meer aansoeke as wat hy kan aanvaar, is die vermoë om sy studente uit te soek, en ons oorweeg tans die beste keurings-metode vir 1983.

Op akademiese gebied het die herdoopte Departement [3] Chemie en [3] Biochem vir die eerste keer 'n volwaardige kursus in [3] biochemie aangebied, wa aanstaande jaar uitgebou word tot 'n twee-kursus hoofvak.

Die Departement van Opvoedkunde het 'n komper-taal-kursus ingestel v onderwysers in samewerking met die Departement van Rekenaarwetenskap Kompers dra ook by tot 'n ander nuwe kursus in bedryfs-data-verwerking ingestel deur die Departement van Bedryfsadministrasie. ons taal-departemente het saamgewerk om 'n kursus aan te bied in Moderne Fiksie in Vertaling.

In Oos-Londen het neentig studente ingeskryf vir die deeltydse B-Co graadkursus, met 'n baie laer uitval-syfer as in 1981.

Ons nuwe huisvesting in Oos-Londen is aan die begin van die jaar in

[7. 11. 198

gebruik geneem, en dien al meer as sentrum vir informele kursusse vir gemeenskap. Ondersoek word gedoen om te bepaal watter nuwe kursuss benodig word in die Oos-Londen-gebied.

Die grootskaalse bouwerk in die middel van ons universiteit vorder volg plan. Die Departemente van Engels, Geografie en Geologie sal na verw in die Julie-vakansie in die nuwe gebou intrek. Die koste van die pro sal bykans drie-en-'n-half miljoen Rand beloop.

Ek glo dat die vooruitsig op nuwe akademiese geboue en 'n groot aantal goeie studente, hoë verwagtings skep vir Rhodes Universiteit vir 1983.

---

1 Underlining in blue indicates word or syllable to be stressed.

2 "Drie-duisend-twee honderd-en-twee" (but I suggest that the units be discarded in both languages?)

3 The "ch" is pronounced as in "loch" (afrikaans 'g')